IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.11 VOL. 87 PG. 4368 - 4394.

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-14/15

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

87

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 87 (IN CAMERA-GETUIE NR. 13)

(Bladsye 4 368 - 4 394)

HOF IN CAMERA

HOF: Die persone wat nie direk betrokke is nie, moet die saal verlaat. Dit beteken ook u op hierdie stadium, en die pers.

MNR. JACOBS: U Edele, ek doen aansoek by die Hof dat die getuie wat nou kom sy getuienis in camera sal gee. Ek doen die aansoek in terme van artikel 53 van Wet 51 van 1977, die Strafproseswet. Die getuie sal ook 'n videoband kom identifiseer, of bande van 'n vergadering wat gehou was en die getuie het die versoek aan my gerig dat hy graag sy getuienis in camera wil gee omdat hy self vrees vir sy eie lewe as hy getuienis gee in hierdie tipe saak en ook vir sy familie wat in Soweto woon. Dit is my betoog dat dit in die geval ...

HOF: Wat is sy beroep?

MNR. JACOBS: U Edele, dit is 'n delikate besigheid. Ek kan eintlik nie sy beroep openbaar nie. Dit is een van die redes dan waarom ek nie wil hê dat hy nie getuienis in die openbaar gee nie.

HOF: Mnr. Bizos?

MR BIZOS: Well, My Lord, is he a policeman, is he an informer or what is the reason for this, My Lord? I submit, with respect, that it is somewhat incongruous that somebody should attend a public meeting which is being openly videoed ...

COURT: Well, that argument you have given to me. The reason is, in the case of one of the previous witnesses, was that he feared for his life. Now, that I have to establish. You need not address me on all the arguments again that you have addressed me on. Is there anything you want me to ask the witness in particular?

MR BIZOS: My Lord, I would ask Your Lordship to investigate whether or not this person is an employee of the State because if we have reached the stage - I do not know what his evidence is going to be. If it is only going to be on the question of the

identification/..

identification, it may not be important to really get information, but if we are going to get informers and policemen giving evidence in camera then it is a precedent which Your Lordship will not establish, with the greatest respect, and one does not understand what is a delicate occupation that cannot be disclosed to the Court.

HOF: Skryf u naam, asseblief, op hierdie stuk papier.

Gaan die getuie net getuig, mnr. Jacobs, om 'n vergadering waar hy by was of vergaderings waar hy by was te vermeld en dan 'n band te identifiseer?

MNR. JACOBS: Dit is reg.

HOF: Net soos ons die vorige getuie gehad het, nr. 12?

MNR. JACOBS: Nr. 12.

HOF (Aan in camera-getuie): Kan u vir my sê, ek verstaan dat u geroep is om te kom getuig ten aansien van 'n vergadering of vergaderings wat u bygewoon het. -- Ja.

Die Staatsaanklaer deel my mee dat u gevra het dat u getuienis in camera afgelê word. -- Ja.

Kan u vir my die rede daarvoor gee? -- Ek is bang. Ek het verneem dat mense wat getuig in hierdie tipe sake word gedood deur gebrand te word. Ek woon met die mense waar daar baie probleme is, dus is ek bang vir my lewe.

Waar het u gehoor dat mense wat getuig in die tipe saak gedood word deur gebrand te word? -- Hulle praat daarvan baie in Soweto. Die mense praat in Soweto en dan hoor ons dat hulle daarvan praat.

Waar woon u? -- In Soweto.

Weet u van 'n geval waar mense gebrand is omdat hulle getuig het? -- Nee, maar die mense praat daarvan dat mense gebrand word.

Wat is u beroep? -- U Edele, ek is bevrees ek kan nie nou hier openbaar wat my beroep is nie.

Skryf dit op die papier vir my. (Getuie skryf sy beroep vir die Hof op 'n stukkie papier.)

Mnr. Jacobs, waarom kan die man nie in die openbaar getuig soos die vorige man nie?

MNR. JACOBS: Die inligting wat ek het dat hy nie in die openbaar kan getuig soos die vorige een nie, dat sy pligte wat hy verrig het, is anders. Dit is ondergrondse pligte wat hy verrig en wat nog delikate ander operasies miskien in die gevaar kan stel. Ek weet nie hoe om dit baie meer duideliker aan die Hof te stel sonder om alles te openbaar nie. Dit was die aansoek wat aan my gerig was, hoekom die getuie dan - aan die een kant is dit sy lewe wat in gevaar was en aan die ander kant is dit nog opdragte wat uitgevoer word. Ek kan die Hof verseker ek sou nie die aansoek gedoen het as ek, net soos in die ander gevalle, daar nie vir my goeie redes ook gegee was nie.

HOF: Ja, maar daar is twee dinge ter sprake. Die een is of hyself vrees vir sy lewe, dit is een aspek. Die ander een is of - kyk, hy is klaarblyklik in diens van die Staat, dit moet op rekord kom en dit is nou op rekord, die ander een is of daar 'n ander belang by betrokke is dat hy agter geslote deure moet getuig. Is die ander belang gedek deur die Strafproseswet, die artikel waaronder u aansoek doen?

MNR. JACOBS: Nee. U Edele, u sal sien dit is nie gedek nie, daarom het ek - ek het op die een waar hy vrees vir sy lewe, maar die ander belang het ter sprake gekom toe ek net eintlik beswaar maak dat sy beroep wat, soos u gesê het nou hy is in diens van die Staat, geopenbaar word. Wat my aanbetref was dit irrelevant dat dit geopenbaar word wat hy gedoen het, maar die feit is net sy aansoek was gebaseer voor hierdie Hof op die feit dat hy vir sy lewe vrees en dit gekoppel met wat ek nie kon geopenbaar het op daardie stadium - gekoppel met die ander aspek, maak dit

nog/..

nog meer gevaarlik vir hom.

HOF (Aan in camera-getuie): Hoe lank woon u al in Soweto? -- Dit is lank. Dit is lank wat ek daar woon.

Is u bekend in die omgewing? -- Meeste van die mense ken my nie.

U bedoel hulle ken u nie as 'n persoon nie of hulle ken nie u werk nie, wat is die probleem? -- Hulle weet nie wat my werk is nie.

Is u bevrees as hulle u werk uitvind dat u aangeval kan word? -- Ja. Hulle sal my brand.

B E V E L

VAN DIKJHORST, R.: My beslissing is dat hierdie getuie sal getuig in camera en dat ons môreoggend daarmee sal begin.

- - -

MNR. JACOBS: Sal dieselfde voorwaardes - as ek nou net vir die pers moet sê - as die voriges ...

HOF: U kan daardie voorwaardes maar aan die pers bekend maak. Ek sal dit môreoggend aankondig.

HOF VERDAAG TOT 1986-05-15. HOF HERVAT 1986-05-15.

COURT: This witness will be known as witness in camera no. 13.

MR BIZOS: My Lord, are we to be given the name of this witness?

COURT: Any objection?

MNR. JACOBS: Ek kan seker nie beswaar maak dat die Verdediging die naam kry nie.

HOF: Gee maar die naam vir mnr. Bizos.

IN CAMERA-GETUIE NR. 13 v.o.e. (Deur Tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Het jy 'n vergadering bygewoon wat bekend was en wat geadverteer was as UDF People's Week-end? -- Ja.

Waar was die vergadering gehou? -- Lenasia in Johannesburg.

In watter saal daar, indien dit in 'n saal was? -- Ek kan dit

nie/..

nie mooi uitspreek nie, maar dit is Nur Ush - iets van dié aard.

Is dit Nur Ul Islaam-moskee? (Word gespel.)

HOF: Moskee or "mosque"?

MNR. JACOBS: Ja, dit sal dan seker - die naam wat hier gegee word is moskee.

HOF: Ja?

MNR. JACOBS: Was die vergadering vooraf geadverteer en hoe het jy kennis daarvan gedra? -- Die vergadering was geadverteer orals.

Op watter datum het dit plaasgevind? -- 30 Oktober 1983.

Hoe laat het die vergadering begin? -- Ek kan nie meer so goed onthou wat die tyd was toe die vergadering begin het nie, maar dit was tussen tien en elfuur.

HOF: In die oggend? -- Ja.

MNR. JACOBS: Toe jy daar aangekom het by die saal, kan jy vir ons sê het enigiets opmerkliks gebeur daar, plaasgevind? -- As 'n mens by die deur inkom, dit wil sê in die saal in, was daar baniere en plakkate gewees van verskillende organisasies.

Waar was hierdie baniere en plakkate? -- Van hulle was byvoorbeeld soos daardie deur nou daar staan, was daar een gewees en dan agter die verhoog was daar ook van hulle gewees.

HOF: Wat bedoel u met soos die deur daar staan? Bedoel u was dit bo 'n deurkosyn? -- Ja, bokant die deur.

MNR. JACOBS: Kan jy onthou watse plakkate jy daar gesien het en baniere? -- UDF, Unions. Van hulle was opgeskryf "Don't Vote." Daar was baie van hulle.

Toe jy by die saal gearriveer het, wat was die ander mense wat alreeds daar was besig om te doen? -- Hulle het gesing.

Wat het hulle gesing? -- Freedom Songs.

Het jy plek in die saal gaan inneem? -- Ja, ek het plek ingeneem tussen die mense wat daar vol was, tussen die baie mense daar. Daar was nie stoele gewees nie, dié was verwyder, met

die/..

die gevolg ons was net daar gewees sonder stoele.

HOF: Het julle op die grond gesit? -- Ja, op die vloer.

MNR. JACOBS: Kan jy vir die Hof sê die sprekers in hierdie vergadering, waar was hulle gewees? -- Hulle was op die "stage" gewees waar hulle gesit het.

Kan jy onthou wie was die voorsitter van die vergadering? -- Frank Chikane was teenwoordig. Hy is die persoon wat daar gepraat het.

HOF: Was hy die voorsitter gewees of was hy 'n spreker? -- Hy was die voorsitter, want hy is die eerste persoon wat gepraat het.

MNR. JACOBS: Kan jy onthou watter ander sprekers was daarop die verhoog gewees? -- Ja.

Gee vir ons dié wat jy kan onthou? -- Chikane, David Webster, Aubrey Mokoena, Desmond Tutu, dr. Motlana was ook teenwoordig. Hulle was baie.

U Edele, met verlof van die Hof wil ek dan 'n videoband oopmaak wat ek dan wil versoek dat dit gespeel word en dat hy kan kyk of hy kan identifiseer. U Edele, ek het 'n amptelike koevert wat weer verseël is met heelwat seëllak wat gebruik is en 'n polisieseël op aangebring met nr. 1141. Bo-op die koevert staan "amptelike .. " Dit is 'n amptelike koevert, bo-op staan "oorspronklike video gemerk op agterkant People's Week-end, tape two .."

HOF: "Tape two"?

MNR. JACOBS: Ek sien dit is "tape two".

HOF: Gaan ons nou eers die tweede een speel en dan die eerste een?

MNR. JACOBS: U Edele, blykbaar is altwee so gemerk.

HOF: Ja, "tape two"?

MNR. JACOBS: 30 Oktober 1983. Op die bokant staan daar "People's Week-end 1983-10-30, tape two, Lenasia, 45 minute" en dan is daar

ook weer 'n wit kleefband aangebring met nr. 99 op. U Edele, ek gaan dan die seël oopbreek. U Edele, dit is net die kasset, hy het nie 'n houer nie. Agterop staan dan op 'n wit etiket wat aangebring is "People's Week-end tape two, 30 October 1983". Dit is in skrif geskryf. Dan is daar 'n tweede etiket op die voorkant kan ek maar sê aangebring. Hier is 'n paar woorde doodgekrap. Dit is nou weer oorgeskryf, dan staan daar "People's Week-end, 1983-10-30, tape two, Lenasia, 45 minutes." Dan is die kleefband met die nommer 99 is hier opgeplak ook aan die voorkant. Die een gaan betrekking hê op V19A en ek versoek dat hierdie bewysstuk dan gemerk word <u>BEWYSSTUK 19</u> - hier is nou weer twee "tapes" - ons hom 19(1) sal maak.

<u>HOF</u>: Is hierdie een 19(1)?

<u>MNR. JACOBS</u>: (1).

<u>HOF</u>: Merk hom asseblief. Is daar op daardie band 'n beskrywing van watter soort band dit is?

<u>MNR. JACOBS</u>: Al wat hier staan is - op die etiket wat hier op die voorkant aangebring is staan daar "TDK Super" en dan "Avilyn". Op die ander kant staan E180 VHS. Ek het hom dan gemerk <u>BEWYSSTUK 19(1)</u>. Ek dink dit is net wenslik dat ek die ander koevert op hierdie stadium oopmaak, dan gaan daar nie netnou weer 'n onderbreking wees nie. Dit is die tweede koevert, amptelike koevert, weer eens geseël met rooi seëllak waarop 'n amptelike polisieseël aangebring is met die nr. 1141 daarop. Op die koevert self, aan die voorkant, staan hier geskrywe "Oorspronklike video gemerk: Op bokant 'P.S. Week-end, Elvis House Interview, Rubbish Dumps'" en op die agterkant "2" en op die kartonhouer gemerk 180 - 108. U Edele, ek gaan die koevert ook oopmaak. Dit is 'n ander soort - bo-op die kartonhouer staan "Sony Dinamicram L830 video cassette" en dan staan daar "Beta" onderaan, dan is dit die nommertjie wat ek netnou van gepraat het, 108,

wat daar/..

wat daar op die koevert genommer is, is hier ook opgeskryf op die voorkant van hierdie houer. Sal ek sê op die onderkant, op die rugkant van die houer staan weer "Sony Dinamicram L830 Beta", dieselfde as op die voorkant. Agter is net aanwysings. Die kasset self, op die rugkant van hom is weer 'n wit etiket aangebring waarop staan "Sony Dinamicram 830 Beta" en wat geskryf is hier is nommer 2 wat op hom geskryf is. Op die voorkant is dan weer 'n etiket aangebring wat hierso staan "Dinamicram 830" en dan staan daar "P's Week-end - Elvis House Interview - Rubbish Dumps." Op hierdie stadium gaan ek ook die ...

HOF: Merk die bewysstuk, asseblief. Merk sowel die houer 19(2) as die videoband 19(2)

MNR. JACOBS: Ek het beide gemerk BEWYSSTUK 19(2). Hier sal in hierdie geval nog 'n latere videoband ook gespeel word. Ek sal, as ek met hierdie twee klaar is, sal ek na hom toe kom met u verlof. Dan vra ek verlof dat BEWYSSTUKKE 19(1) en (2) ingaan as bewysstukke en dat ons begin om te vertoon met 19(1). Beide 19(1) en (2) gaan betrekking hê op BEWYSSTUKKE 19(a) en 19(b).

HOF: Mag ek net verneem van die operateur watter tipe masjien word hierdie 19(1) op gespeel. JVC-masjien. Wat moet ek verder byskryf? (Operateur verskaf besonderhede.) Dit word dan gespeel op masjien JVC, model HR/D120ES. Is daar nog iets anders wat ek moet weet? Het hy ook nommers op soos die voriges? (Operateur antwoord bevestigend.) Dankie.

Is dit korrek dat die dokumentasie, V19A en V19B, gewysig is?

MNR. JACOBS: Hier is wysigings in hom aangebring.

HOF: Maar my assessor het twee stelle. Is dit vervang of nie?

MNR. JACOBS: Nee, hy is nie vervang nie. Daar is net wysigings aangebring. As 'n mens kyk op die eerste bladsy staan daar "People's .." Dit mag duplikaatstelle wees.

HOF: As ons gewysigdes het dan moet ons net sorg dat ons die korrektes voor ons het, dat die ding nie deurmekaarloop hier nie, mnr. Jacobs. Hier is 'n wit etiket op 'n stel geplak, V19A en V19B, en 'n ander stel wat nie 'n wit etiket op het nie. Die wat nie die wit etiket op het nie, is by my assessor gemerk "gewysig", maar by my glad nie gemerk "gewysig" nie. Hier is my stelle.

MNR. JACOBS: Kan ek net 'n kort verdaging kry dat ek net seker maak wat hier aangaan met die mense wat die wysigings gedoen het.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

IN CAMERA-GETUIE NR. 13 (Nog onder eed)

MR BIZOS: My Lord, in view of a certain submission that I shall have to make to Your Lordship, I took the liberty of asking the investigating officer to keep the witness out for the time being but obviously I failed in that effort, so it does not matter, but I will ask Your Lordship, in view of the submission that I have to make, for Your Lordship to excuse the witness whilst I am making the submission.

COURT: Yes, will you stand outside for a while, please.

MNR. JACOBS: U Edele, die wysigings is aangebring op 19A en B, toe dit beter op masjiene gekry was en dié met die wit etiket is eintlik die vervanging. Die wysiging vir u aangebring is op die een wat nie die wit etiket op het nie.

HOF: Sal u die wit etiket dan hou en dan sal ek die ander een as amptelike bewysstuk neem.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Maar is hulle nie presies dieselfde nie?

MNR. JACOBS: Hulle is dieselfde behalwe dat daarso is meer ingebring in 19A toe dit beter is en by die Geleerde Here Assessore s'n dieselfde. Die een met die wit etiket was aanvanklik gegee en toe hulle beter masjiene kry het, het hulle die wysigings aangebring.

COURT: Yes, Mr Bizos?

MR BIZOS/..

MR BIZOS: If we understood this witness's evidence that he was present at this meeting, but - accepting that for a moment of course Your Lordship can under a provisional basis see the tape, but also if we understood the State correctly, they are going to show you a portion of a video taken at the house of one Elvis.

COURT: I do not know whether it is Elvis' house or whether it is a cinema called Elvis House.

MR BIZOS: My Lord, the accused have seen these tapes and I am assured that it is certainly not part of any meeting. It is certainly not part of the meeting alleged in paragraph 48 of the indictment. It apparently relates to this person whose name is apparently Elvis doing certain things in preparation for something or other, but it certainly has nothing to do with any of the accused, with respect. Elvis is not a name of a conspirator, it is not covered by the indictment and we do not know on what basis this is being tendered.

MNR. JACOBS: U Edele, die getuienis, ek dink nie My Geleerde Vriend het enige rede om bevrees te wees vir iets wat sal opkom nie, want dit is so, dit is nie op die vergadering van toepassing nie. Dit is - toe die mense getranskribeer het vir volledigheid, dat daar nie gesê word die videoband is nie. Die ter saaklike deel sal ons vra - dit is op daardie band, ons kan dit nie afhaal nie. Dit is op die band. Dit is net daarom wat dit daarin getranskribeer was, maar die deel wat van toepassing is, is die deel op die vergadering self.

HOF: Die deel wat van toepassing is, sal ons by wyse van nommering aandui en dit aan die getuie toon en die ander nie aan die getuie toon nie.

MNR. JACOBS: Goed, U Edele.

HOF: Ja, roep die getuie terug.

IN CAMERA-GETUIE NR. 13 (Nog onder eed)

HOF: Begin ons met die band? By watter nommer begin die band? Die band begin by O. Ja, u kan maar speel.

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Kan ek net vra voordat ons begin, U Edele, as die band nou speel, sal jy vir ons uitwys die saal as jy hom herken, die persone, enigiets wat belangrik is wat jy aan die Hof wil uitwys. Vra net vir die operateur daarso dat hy stop en dan kan jy vir die Hof dit uitwys. -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.)

HOF: Watter band het u op? Het u 19(1) op of 19(2)?

OPERATEUR: 19(1).

MNR. JACOBS: U Edele, ek verstaan nou dat die nommers wat so altwee twee is, dat eintlik is die Beta die eerste band wat gespeel moet word.

HOF: Speel vir ons eers die ander band, 19(2). Die tweede band, op watter masjien word hy gespeel? Dit is nou 19(2). Op watter soort masjien word hy gespeel? Op 'n Toshiba. Wat noem 'n mens verder die masjien? Betamax. Moet ek nog iets meer weet? (Besonderhede word deur operateur verstrek.) Dit is 'n Toshiba Betamax model V/5470D. Het hy ook nommers soos die vorige?

OPERATEUR: Hy het ook.

HOF: En begin hierdie band nou ook by 000?

OPERATEUR: Dit is reg.

HOF: Ons begin dan met hierdie band. Dit is videoband 19(2), BEWYSSTUK 19(2). Is die bewering dan, mnr. Jacobs, dat saam met BEWYSSTUK 19(2) gaan transkripsie V19A?

MNR. JACOBS: 19A.

HOF: Indien u moeg word tydens die proses kan u maar sit en kyk. (Videoband word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Vat hom 'n bietjie terug. (Masjien kan nie terugspeel nie.)

HOF/...

HOF: Hou hom maar daar. Jy sal vinniger moet praat. Nr 56. Ja, mnr. Jacobs.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê die persoon wat daar gestaan het by die motor, net voor hierdie dinges, kon jy hom herken het? -- Nee, ek het nie daardie persoon gesien nie.

HOF: U het hom nie gesien nie? Maar het u dan gekyk? Ons is hier om na die video te kyk. -- U Edele, wat ek daarby bedoel, die beeld nou op die video is nie die plek wat ek ken nie.

Gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Mnr. Jacobs, moet ons na hierdie gemors sit en kyk, want dit is niks beter as gemors nie.

MNR. JACOBS: U Edele, kan ons maar net vra dat hy vinniger ...

HOF: Wel, laat ons begin by die vergadering waar hierdie getuie was. Maak hom vinnig vorentoe tot u by 'n vergadering kom, maar u moet net vinnig stop, want hierdie ding kan nie terugloop nie. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 102 en ons het op die doek 1983-10-29. Ja? (Video word gespeel - stop.) Nr. 111. -- Die beeld op die video nou is die rigting wat die mense loop na die verhoog toe na jy die saal binnegekom het by die ingang.

Was hierdie soort ding aan die gang toe u daar gekom het? -- Ja, hulle het so gesing.

MNR. JACOBS: U Edele, kan ek net 'n oomblik - ek verstaan dat die mense buitekant - die video wat opgesit is, wat die Hof gevra het vir die publiek buitekant, het nie klank nie. So, ek weet nie of ons tegniese man ...

HOF: Ken hulle nie die liedere nie? Ons sal 'n oomblik verdaag.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. JACOBS: U Edele, die tegnikus sê hy kan nou - as hy daardie ding druk dan spring hy terug. Hy kan nie terugvloei nie, maar hy het hom gekry dat 'n mens kan teruggaan.

HOF: Dit is goed, want ons stel nie belang of hy terugvloei of

terugspring/..

terugspring nie, solank as wat hy terug is.

IN CAMERA-GETUIE NR. 13 (Nog onder eed)

HOF: Gaan ons weer met die vergadering begin? Goed, 102. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 111. -- Dit is die toneel wat ek reeds van gepraat het, waar die mense nou binnekom in die saal in die rigting van die verhoog.

So, wat ons daar sien, agter die man met die pet op wat salueer, is die ingangsdeur. -- Soos hulle nou daar staan die ingang is agter hulle, dit wil sê hulle is met hulle rûe na die ingang.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): En hulle kyk na die verhoog? -- Ja.

MNR. JACOBS: Kan jy net ook vir ons sê watse lied sing hulle daar? -- Dit is een van die Freedom Songs wat hulle daar gesing het.

Waaroor sing hulle? -- "Singamasoldier Agamandela."

Wat beteken dit? -- Hulle sê hulle is Mandela se soldate.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 114. -- Die mense op daardie deel nou soos hy daar staan, is AZASO se mense wat by die ingang gestaan en sing het.

HOF: U sê dit is AZASO se mense, is dit as gevolg van die T-hemde wat hulle aan het? -- Ja, dit is AZASO T-hemde.

Die geel T-hemde. Ja. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 119. -- Die mense nou op die beeld soos hulle daar is, kyk in die rigting van die verhoog.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 122. -- Dit is nou die ingang wat ek van gepraat het, soos u daardie woorde nou kan sien "Long Live Congress" heel bo-op die beeld. Dié is by die ingang.

MNR. JACOBS: Kan u net sê, is dit ook soos die mense sit op die grond daar wat jy van gepraat het, waar daar nie stoele was nie? -- Ja.

(Videoband/..

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 155. -- Dit is een van die baniere wat aan die muur was. Soos dit daar is, dit is op die muur.

HOF: Dit is ŉ geel banier met United Democratic Front daarop. Ja. (Video word gespeel - stop.) Nr. 158.

MNR. JACOBS: Kan u net vir ons sê die skaaf wat daardie man op het, watter kleure is daardie? Hierso in die regterkantste hoek. -- "Yellow and green."

Is daar ŉ swart ook? -- Dit is nie so mooi duidelik nie, maar van waar ek staan sien ek "yellow" en "green".

(Video word gespeel - stop.) -- Kan jy dit terugspeel vir my?

(Video word teruggespeel - stop.) Nr. 170. -- Dit is ek daar nou. Die persoon met ŉ swart hemp, ek praat nou van die persoon tussen die vroumens met ŉ witkleurige ding en die persoon agter daardie vroumens met hande op, is daar ŉ persoon tussen die twee. Dit is ek daardie persoon wat daar verskyn.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 186. -- Die persoon wat daar hardop praat is Sipiwe Tusi.

Wie is hy? Van watter organisasie? -- Hy was op die verhoog gewees toe hy hierdie woorde daar gebesig het.

(Video word gespeel - stop.) -- Terugspeel weer ŉ bietjie. (Video word teruggespeel.)

Nr. 188. -- Ek is nou die persoon die naaste daar op die beeld. Daardie kop is myne wat daar duidelik is.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 191. -- Die persoon wat na ons kyk op die beeld daar met ŉ wit hemp wat nie aangeknoop is nie met ŉ groenerige onderhemp, is Bridge Letlalo.

(Video word gespeel - stop.)

HOF: Wat beteken hierdie beweging wat die mense met die hande maak? Wat is die doel daarvan? -- Daardie persoon wat ons lei

daar/..

daar sê "Ubotha", dan sê ons met daardie beweging van die hande "voertsek, voertsek."

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 238. -- Dit is op die verhoog. Dit is hy.

Hy wie? -- Sipiwe Tusi.

MNR. JACOBS: Wat het hy gedoen daar? Was hy die leier van die sangers of wat was hy? -- Hy was die leier van die liedere.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 253. -- Dit is Frank Chikane.

HOF: Wat nou die gehoor toespreek. Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) -- Speel terug.

(Videoband word teruggespeel - stop.) Nr. 260. -- As u nou kyk daar is twee persone naaste op die beeld daar met wit hemde. Daar is 'n ander een wat agter hulle sit met 'n swart hemp en diékant toe kyk, ek is die persoon wat daar sit.

(Videoband word gespeel - stop.) -- Daar is hy weer, in die hoek daar.

Ja, ek dink jy kan in die vervolg maar konsentreer om belangrike persone by die vergadering. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 268. -- Dit is Desmond Tutu daardie.

K266 (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 319. -- Dit is dr. Motlana.

MR BIZOS: I have a note, My Lord, and perhaps I might mention it now so that we do not have to go back. When it is given in the tape as Latin, it is the Lord's prayer in one of the vernacular languages and not Latin.

ASSESSOR (MR KRÜGEL): It is noted.

MR BIZOS: Oh, is it noted?? Not in ours. Have we got a different version? On page 11 it says "a prayer in Latin."

ASSESSOR (MR KRÜGEL): "Our Father which art in heaven."

MR BIZOS: Oh, we haven't got that.

COURT/..

COURT: In Zulu we have it. A prayer in Zulu we have it.

MR BIZOS: On my copy it says Latin.

COURT: Well, on the official one it is Zulu now.

Yes, we go ahead. (Video tape is played. Stop.) No. 355. -- Dit is een van die sprekers wat hulle gesê het is professor. Ek weet nie wat is sy van nie, maar hy is professor.

Ja, dankie. (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: My Lord, may I - it is the second occasion, it is "helots".

COURT: Yes. That is a phrase which Professor Mohammed ..

MR BIZOS: He has used it before.

COURT: Yes, it is his catch-phrase. Yes? (Video tape is played - stop.) No. 435. -- Dit is David Webster.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 458. Ek neem nou die verdaging vir 'n kwartier.

MNR. JACOBS: U Edele, net voor ek gaan, ek dink mnr. Bizos het netnou die verkeerde een gehad. Sy prokureur het die regte transkripsie gehad wat die wysigings in gehad het.

HOF: Ja, ons moet tog sorg dat ons almal dieselfde transkripsies het anders gaan dit 'n ontsettende verwarring afgee uiteindelik.

MNR. JACOBS: Ek het net gedink dalk het ons dit nie gegee nie, maar blykbaar het ons dit gegee.

HOF VERDAAG VIR TEE. HOF HERVAT.

HOF: Wat is die rede vir die vertraging, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS: Ons het 'n bietjie gesukkel om mense uit te kry. Hulle kom gewoonlik in om met die beskuldigdes te gesels en moet ons hulle uitkry.

HOF: U moet maar 'n bietjie vroeër begin om hulle uit te kry. Is die pers bewus van die voorwaardes waaronder hulle hier is?

MNR. JACOBS: Ek het gister vir die pers gesê dieselfde voorwaardes geld as in al die ander gevalle, dat niks gepubliseer mag

word/..

word nie.

HOF: Weet elkeen van die nuwe lede van die pers wat kom van tyd tot tyd van die voorwaardes?

MNR. JACOBS: As hulle inkom, dan sê ons vir hulle. Die twee lede van die pers wat vandag hier is weet van die voorwaardes, van die vorige voorwaardes.

IN CAMERA-GETUIE NR. 13 (Nog onder eed)

HOF: Ons gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 470. Hier is daar 'n lang onderbreking in die video en dit wil voorkom asof dit die einde van die opname is van die vergadering of is daar nog mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS: Daar is nie. Die ander is dié wat onrelevant sal wees. Laat ek dit so stel, vir 'n entjie sal dit wees en dan gaan in die saal dit weer aan. Blykbaar het die man wat die kamera het uitgegaan op daardie stadium.

HOF: Gaan maar voort. Wanneer ons weer by die vergadering kom stop weer. (Videoband word vorentoe gespeel - stop.) Is dit binne of buite?

MNR. JACOBS: Dit is binne weer.

MR BIZOS: I think it should go a bit further back. It is the beginning of Chikane speaking.

HOF: Waar die klank begin moet u ophou, waar die man begin praat. (Video word gespeel - stop.) Nr. 512. Hier begin die band weer handel met die vergadering in die saal.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 539. -- Die vlag daar op die beeld was ook daar gewees.

Wat is dit? Rooi en geel en swart of is dit groen? Die regterkantste een? -- "Red, yellow and black."

Beteken dit iets? -- Ek weet nie wat dit beteken nie, maar ek het dit aan die muur gesien.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 545. Einde van die

vergadering/..

vergadering.

MNR. JACOBS: Jy het nou deur die beelde van hierdie band gekyk, is dit wat dan gebeur het op daardie vergadering wat jy hier gesien het, dele? -- Ja, dit is by die vergadering.

HOF: Sal u daardie band uithaal, asseblief, en dit oorhandig aan my griffier. As hy nie hier is nie, kan u dit aan die konstabel oorhandig, die adjudant. Die volgende band sal wees 19(1).

MNR. JACOBS: U Edele, hy gaan betrekking hê op V19B.

HOF: Gee vir my net die besonderhede? Hierdie band word gespeel op watter soort masjien? (Operateur verskaf besonderhede.) JVC model HR/D120ES. Hy het ook dieselfde nommering.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 5. -- Dit is Aubrey Mokoena.

Dit is die persoon wat daardie vergadering toespreek. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1234.

MNR. JACOBS: U Edele, ek dink dit kan ons beskou as die einde van die band, daardie tonele.

HOF: Nr. 1234 is die einde van die band.

MNR. JACOBS: Bevestig u net dan dat hierdie band is deurgekyk en is dit soos dit daar gebeur het in die vergadering? -- Ja.

U Edele, hier is 'n band, nog 'n Beta-band, die eerste deel net, wat ek graag wil vertoon. Daar is nie 'n transkripsie van hom gemaak nie.

HOF: 'n Beter band van dieselfde vergadering?

MNR. JACOBS: 'n Beta-videoband.

HOF: O, Beta-video?

MNR. JACOBS: Ja, dit is seker die eerste deel van die vorige een wat ons - dit is deel van 'n ander bewysstuk, BEWYSSTUK 4, wat ook 'n transkripsie lateraan sal bekom.

HOF: Is dit nog 'n deel van die vergadering wat ons nog nie gesien het nie?

MNR. JACOBS/..

MNR. JACOBS: Dit is van hierdie selfde vergadering. Dit is miskien - het dit meer volledig. Ek bied dit aan dat - die gesprekke daarop was miskien meer volledig waar op die ander onderbrekings was.

HOF: Mnr. Jacobs, een of ander tyd sal ek 'n beslissing moet vel oor die toelaatbaarheid van hierdie bande. U is natuurlik heeltemal geregtig om hulle almal te laat - al 22 of hoeveel daar ook al is, te laat speel voor my, want u kan u getuienis aanbied op watter manier u ook al wil, maar dit sou baie beter wees as u een of ander tyd in u getuienis op 'n besondere band finaal - voorlê sodat ons 'n beslissing kan kry oor die toelaatbaarheid van die bande sodat wanneer ek beslis het teen die bande, dat die bande nie meer toegelaat is nie en as ek beslis het dat hulle wel toegelaat word, ons 'n ooreenkoms kan probeer bereik tussen u en die Verdediging oor die inhoud van die bande. Ek hoef sekerlik darem nie 'n duisend keer na Amandla en Oliver Tambo ensovoorts te luister nie. Dit klink elke keer maar net dieselfde.
Ek sien geen nut daarin om 'n maand te sit en kyk na videobande wat omtrent almal dieselfde wys as daar transkripsies is van die toesprake nie. U het nou hierdie band en u het hierdie getuie. As dit dieselfde vergadering is dan moet u die band maar speel. Wat gaan hierdie bewysstuk wees? Watter nommer?

MNR. JACOBS: Hy gaan BEWYSSTUK 4 wees.

HOF: Op sy eie, heeltemal net 4?

MNR. JACOBS: Vier, want hy het betrekking op 'n ander transkripsie wat 'n ander deel van 'n vergadering ...

HOF: Op dieselfde video is daar twee vergaderings en hierdie getuie het belang by een?

MNR. JACOBS: By een. Hy gee getuienis oor een wat nou dieselfde is as hierdie wat hy reeds oor getuig het. Die koevert is ook geseël met 'n polisieseël, seëllak, polisie nr. 1141. Die koevert

is/..

is gemerk, oorspronklike video gemerk Ayco en dan is daar 'n plakker nr. 72. Die band is in 'n kartonhouer. Bo-aan is in rooi geskryf "NEC" onder dit is die nommer van die band, is L/750 "Video recording and play back". Dit is 'n videokasset Beta. Op die rugkant is dieselfde en dan op die agterkant is net aanwysings. Die nommer is - en kleefband is op die karton aangebring 72. Die kasset self, weer op die onderkant, op die rugkant daarvan is 'n etiket geplak waarop rooi kleefband aangebring is "AYCO" en dan is daar langsaan ook geskryf in potlood "AYCO."

<u>HOF</u>: Is dit al wat op die band is?

<u>MNR. JACOBS</u>: Dit is al.

<u>HOF</u>: Het hy nie verdere nommers op nie, die kasset?

<u>MNR. JACOBS</u>: Nee, dit is al die nommers.

<u>HOF</u>: Het hy net 'n rooi etiket AYCO en in potlood AYCO?

<u>MNR. JACOBS</u>: Daar is net een sommer net vir amptelike doeleindes, vir ons doeleindes, 'n D6, maar dit is nie eintlik ter sake nie.

<u>HOF</u>: Ja, goed. Die bewysstuk is nr. 4?

<u>MNR. JACOBS</u>: <u>BEWYSSTUK 4</u>.

<u>HOF</u>: Saam met watter transkripsie gaan hy?

<u>MNR. JACOBS</u>: U Edele, hier is nog nie 'n transkripsie gemaak nie. Ons gaan een maak van hom.

Ek vra dan verlof dat op <u>BEWYSSTUK 4</u> die eerste deel, die eerste - sal ek sê helfte opname, wat gaan oor hierdie vergadering waaroor die getuie getuienis gee dan gespeel word.

<u>HOF</u>: Op watter soort masjien word hy gespeel? Toshiba model V5470D. Hy het ook die nommers op. Begin ons nou by nul?

<u>OPERATEUR</u>: Dit is reg.

<u>HOF</u>: Goed. (Videoband word gespeel - stop.)

<u>MNR. JACOBS</u>: Hy moet net ge"rewind" word, asseblief. Terug van die begin af, asseblief. (Videoband word teruggespeel en

weer gespeel - stop.) Ek sal net vir 'n kort verdaging vra.

HOF: Hierdie is dan stoele.

MNR. JACOBS: Ja, ek wil net 'n kort verdaging vra. Hier het nou iewers 'n verwarring gekom, dat hulle vir my blykbaar die verkeerde ding dan gebring het of hy begin op die verkeerde plek.

HOF: Ja, maar ons moet oppas, mnr. Jacobs. Ons kan nie elke keer dokumente of videos bewysstuknommers gee en dan sê dit is verkeerd nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

IN CAMERA-GETUIE NR. 13 (Nog onder eed)

MNR. JACOBS: U Edele, ek sal daardie video nie nou wys nie. Ek sal maar volstaan met die twee wat ons gewys het.

HOF: Het u hom later nodig? Kan hy die bewysstuknommer hou of nie? As hy die bewysstuknommer hou dan moet hy aan my klerk oorhandig word en dan moet hy hom in beslag neem.

MNR. JACOBS: Ja, hy sal later nodig wees op 'n ander transkripsie.

HOF: Goed, hy word dan in beslag geneem deur my klerk.

MNR. JACOBS: Ek is klaar met die getuie, dankie.

HOF: Sal u al die videos aan my klerk oorhandig, asseblief.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS: How many days were you at this meeting? -- One day only.

Which day was that? -- If I remember well it was on a Saturday.

Do you remember the day of the month? -- It was 30 October 1983.

You were not there at all during the 29th? -- 29th of which month.

Of the same month. -- Not there at all where?

At the meeting that you spoke about. -- I am talking about the meeting of 30 October.

What time did you get there? -- I am not quite sure of the

time/..

time. It could be ten or eleven.

Not in the afternoon? -- No, it was before noon when I came there.

Well, do you say that the speeches started in the morning? -- No, I have not said at what time they started.

But I am asking you. Do you say that the speeches started in the morning? -- It could be so.

Well, you were there. Was it during the morning or did the meeting start - the speeches start in the afternoon? -- I would say I arrived there between ten and eleven. In that progress of the meeting a lot of things were happening. I am therefore not in a position to tell His Lordship as to whether the speeches started in the afternoon or at what stage.

But you also told His Lordship that what was going on at the time that you were looking, at the beginning of the first video, that that was going on when you arrived there. -- As seen on the video I said this was the time when they started, meaning that they started singing at that time.

So, was this singing that we saw for some time before any speeches, before the speeches started, before the chairman took control of the meeting or started the meeting proper. -- Yes, some time after that.

You see, if I were to suggest to you that the meeting was actually advertised to start at 13h00 but as happens with meetings it only started at 14h00, will you be able to admit or deny it? -- I did not check on time as to what time it was at the time when the meeting started.

Did you stay there from the time that you arrived in the morning right up to the time that the meeting finished? -- Yes, I was present.

What time do you say that it had finished? -- It was in the

afternoon/..

afternoon maybe between 16h00 and 17h00.

Was there enough room for everybody to sit at this meeting or to stand? -- I do not know in number as to what to say, how many people were there, My Lord, but those that were there are those which were seen on the video here.

Were you there all the time? Don't you remember - do you remember whether the chairman took any steps so that the excess people, that the excess people at the meeting could also benefit from the proceedings? Do you recall the chairman doing anything about that? -- Now I am being asked about something which happened some three years ago. I am not in a position to remember everything now.

You see because an extraordinary thing happened at this meeting, if you were there for any time at all and you could not have missed it. At the time that the speeches were about to begin it became obvious that the hall was - I do not know how you want to describe the building, the mosque or however you want to describe the building, was not sufficient and arrangements were made for the excess people to go to a nearby hall and there were two meetings running parallel to each other and all this was announced by the chairman. Did you not hear anything about this?

COURT: Just a moment. Are you saying that there were actually two meetings? It was not broadcast in the one hall.

MR BIZOS: No.

COURT: The proceedings from the other hall.

MR BIZOS: The speakers did it again.

COURT: In tandem?

MR BIZOS: In tandem in the other hall. Don't you remember that? -- I cannot remember that, but I do not dispute it.

But you see if you were at this meeting, and I am going to

at a relevant/..

at a relevant time - speeches were about to begin, it was such an extraordinary event that you surely would have remembered it. -- Whilst present at this meeting, these things referred to now were not things that I took very much note of, whether somebody was being changed or not.

For what purpose were you at this meeting? -- I had just gone there because it was an advertised meeting.

Were you not on duty of some sort? -- No, I went there on my own.

Why did you go there? -- Well, this was known all over that people are getting there so I also went there.

Yes, but why? Because you wanted to identify with the UDF or why did you go? -- I just went there.

Don't you want to give His Lordship the reason why you went? -- I just went there without any intention, just going there for the sake of being there.

I do not want to embarrass you by asking you about the sensitive nature of your work, but were you doing the sensitive work at that time? -- No, I just went there.

No, the question was ...

COURT: Now, how is it relevant, Mr Bizos? If you dispute that he was there, we can replay the tape. I have got the number.

MR BIZOS: No, we do not dispute that he was there, as to whether he was there throughout the meeting is another question.

COURT: Now, how is this question relevant as to whether he was there throughout the meeting?

MR BIZOS: Because he purports to point things out that happened at the meeting. If he was not there then he is not telling the truth.

COURT: Do you mean the people were not at the meeting that are on the video?

MR BIZOS: No, he is not telling the truth when he says I saw that.

COURT: But he identifies the people.

MR BIZOS: Yes, My Lord, it is very easy, with respect ...

COURT: Well, the question is not allowed. Next question, Mr Bizos.

MR BIZOS: Tell me, did Mr Chikane speak twice or the Reverend Chikane speak twice? -- He was the chairman in the sense that he would say something and then call someone else and then after that person call another one.

No, the question was did he say more or less the same thing C267 twice? Did he speak twice? Deliver a speech twice? -- I cannot quite remember.

Well, wouldn't you have remembered that if a speaker spoke twice and said the same thing? -- As I have already said that this person would say something and call someone to come and talk and then sit down and then again call the next person.

COURT: When you say "call the next person", do you mean introduce the next person? -- No, what I mean is he was calling on the speakers to come and deliver their speeches. That is after another speaker he would just call another one to take the floor.

He would just say "I now call Mr X" and then Mr X would come? He would not introduce Mr X to the meeting? -- What he did there was the next speaker was so and so and then that person would just take the floor.

MR BIZOS: No, the question was whether the Reverend Chikane made two speeches? Not introductions or a speech and introductions. Two speeches. -- I do not understand what the question is.

COURT: No, the question is whether he spoke for some length of time and addressed the meeting, then sat down and other people spoke and whether he then again spoke and addressed the

meeting/..

meeting for some length of time. -- What happened is Mr Chikane opened the meeting by addressing the meeting as to what was the meeting about and then he called on a speaker to take the floor, that is the speaker after he had addressed the meeting, then he followed that procedure of calling speaker after speaker to take the floor.

MR BIZOS: So he did not speak twice? He did not make a speech more than once. -- I cannot recall that.

Tell me, did the Reverend Chikane speak after the singing of Nkosi Sikelele I'Africa at that meeting? -- I cannot recall that.

Would it not be most unusual for a person to deliver a speech after Nkosi Sikelele I'Africa was sung? -- I cannot recall.

I did not ask you if you recall. Whether from your experience of attending this meeting or any other meetings, whether it would be most unusual for anyone to make a speech after Nkosi Sikelele I'Africa had been sung? -- No. Usually after the singing of Nkosi Sikelele I'Africa then everybody leaves.

Can you recall how long Bishop Tutu's speech was? -- I cannot recall.

Would you agree that what you saw on the tape, if you did hear him speak in full, is but a very small portion of what he said? -- I do not know.

Do you recall whether he made any references to the Bible during the course of that speech? -- Yes. When he was called up as a speaker he did make reference to the Bible.

Do you recall on how many occasions he referred to the Bible during his speech? -- I cannot recall.

On what you recall, would you agree that the main theme of his speech was what was contained in the Bible and making it relevant to present-day happenings? -- As I have already said

that/..

that this happened some three years ago, I can therefore not remember exactly what each speaker said.

Yes. So, you cannot even tell us whether that portion of Bishop Tutu's speech on the tape is a representative sample of his speech? -- I have no comment on that, the reason being that I cannot remember.

You are not able to tell His Lordship whether the person that took this video, took it completely or whether he was selective.-- I really do not know. I did not even see the person who had the video camera.

Well, se saw some video cameras on the video. -- Yes, but I am talking about the one referred to by you as a person who may have been selective in his video.

Well, let us try and repeat the question to get a possibly more direct answer. You cannot say whether Bishop Tutu's - whether the person that took the video was selective in taking what Bishop Tutu had to say? -- Yes, you are correct.

And what goes for Bishop Tutu goes for the other speakers as well. -- That is with reference to all those who were speakers there. I cannot tell.

I have no further questions. May I indicate, My Lord, that My Learned Friends were good enough to show me the witness's name. I have not shown it to anybody. I do not think that it is necessary for us to do any - and I will hand it back to My Learned Friend.

COURT: Thank you.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-11-87**
*Document Title:-* **Vol 87 p 4368-4394. Witness: IC13**